# BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

## NOTULE VAN DIE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 30 APRIL 2024 OM 14:00 VANAF PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R Swarts | [DA] | : | Speaker |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. A de Vries | [DA] | | |
| Rdl. J Daniels | [DA] | | |
| Rdh. AJ du Plooy | [DA] | | |
| Rdl. A Small (Me.) | [DA] | | *(sluit aan om 14:07)* |
| Rdl. JJ Moolman | [DA] | | |
| Rdd. SS Lesch (Me.) | [ANC] | | |
| Rdl. IS Adams | [ANC] | | |
| Rdl. BU Maarman (Me.) | [ANC] | | |
| Rdl. AC Isaacs | [PA] | | |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. PW Erasmus | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. D van Turha | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mnr. D Carolissen | : | Bestuurder: Gemeenskapsfasiliteite |
| Mnr. K Abrahams | : | Stadsbeplanner: Oos |
| Mev. V Willems | : | Klerk: Komitees |

***

**AKSIE**

**RVN001/04/2024**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Speaker verwelkom almal by die vergadering, waarna Raadslid Adams die vergadering open met gebed.

***

**RVN002/04/2024**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Uitvoerende Onderburgemeester - afwesig met verskoning (siekverlof)
Raadsheer Manuel - afwesig met verskoning
Bestuurder: Strategiese Dienste - vakansieverlof

Die Speaker meld dat Raadslid Small laat gaan wees vir die vergadering.

***

**RVN003/04/2024**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

***(Raadslid Small sluit aan om 14:07)***

Die Raadslede en amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

‘n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan ‘n lid van die publiek wat die verrigtinge bywoon en diegene wat op die “YouTube” platform ingeskakel is.

***

**RVN004/04/2024**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULES VAN DIE VORIGE VERGADERINGS SOOS GEHOU OP MAANDAG 25 MAART 2024 EN DONDERDAG 28 MAART 2024**
**3/3/2/2**

Die Speaker lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

Dat die notules van die vorige vergaderings, soos gehou op Maandag 25 Maart 2024 en Donderdag 28 Maart 2024, bekragtig word.

***(VK WILLEMS)***
***KLERK: KOMITEES***

***

**RVN005/04/2024**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAE VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE RAADSVERGADERINGS SOOS GEHOU OP DINSDAG 27 FEBRUARIE 2024, MAANDAG 25 MAART 2024 EN DONDERDAG 28 MAART 2024**
**3/3/2/2**

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Implementeringsverslae van die Raadsvergaderings, soos gehou op Dinsdag 27 Februarie 2024, Maandag 25 Maart 2024 en Donderdag 28 Maart 2024.

***

**RVN006/04/2024**
**<u>SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULES</u>**
**3/3/2/2**

Geen

***

**RVN007/04/2024**
**<u>VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER, UITVOERENDE ONDERBURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER</u>**
**3/3/1/6**

<u>Die Speaker doen die volgende mededelings:</u>

<u>LIEF</u>

- Dat die Uitvoerende Onderburgemeester, Raadsheer Wessels, op Saterdag 18 Mei 2024 verjaar en wens die Speaker hom namens die Raad geluk, seënwense en sterkte toe met sy komende verjaarsdag; en
- Dat die Mannekoor van Porterville, "Messengers of God" 'n besonderse prestasie by die Suidoosterfees behaal het. Hy meld dat die Uitvoerende Burgemeester of Raadsheer Du Plooy hul namens die Raad geluk, seënwense en sterkte toewens op hul prestasie.

<u>LEED</u>

- Dat die Uitvoerende Burgemeester se vrou drie familielede (twee ooms en 'n tannie) aan die dood afgestaan het en word hy en sy familie sterkte toegewens in hierdie tyd; en
- Dat verskeie gemeenskapslede aan die dood afgestaan is in die Bergrivier Munisipale area en wil hy die Raad se meegevoel betuig met die sterftes.

'n Minuut van stilte word gehandhaaf vir die afgestorwenes se families in hierdie moeilike tyd.

- Die Speaker meld dat daar geen Staande Komiteevergaderings in Mei 2024 sal wees nie en dat alle items met aanbevelings vir bespreking en besluitneming uit die Staande Komitees voorgelê word by die Uitvoerende Burgemeesterskomitee soos geskeduleer vir Vrydag 31 Mei 2024; en
- Die Speaker meld dat daar 'n Begrotingsloodskomiteevergadering geskeduleer gaan word vir Vrydag 17 Mei 2024 om die publieke kommentare te oorweeg.

<u>Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededelings:</u>

- Dat daar nie 'n Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering sal wees op Dinsdag 21 Mei 2024 (soos per jaarprogram) nie;
- Dat 'n rugbywedstryd tussen die Boland Kavaliers en Oostelike Provinsie (OP) op Saterdag 18 Mei 2024 op Rhino's Sportgronde in Piketberg gaan plaasvind; en
- Dat die President van Boland Rugbyunie, mnr. Bennie van Rooy, se vrou oorlede is en wil hy die Raad se meegevoel betuig met die sterfte.

<u>Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededeling:</u>

- Dat mnr. Chris de Jager se kleinseun in 'n baie ernstige fietsongeluk was en in die intensiewe sorg in die hospitaal is, maar dat daar klein verbeteringe in sy toestand is. Die Munisipale Bestuurder bedank namens mnr. Chris de Jager almal wat hom en sy familie in hul gebede gedra het en sterkte toegewens het.

Die Speaker wens namens die Raad aan hom en sy familie sterkte toe in hierdie moeilik tyd;

- Die Munisipale Bestuurder wens al die onderskeie partye sterkte toe met die opkomende verkiesing wat plaasvind vanaf Maandag 27 Mei 2024 tot Woensdag 29 Mei 2024; en
- Sy wens namens die Administrasie die Uitvoerende Burgemeester, sy vrou en haar familie sterkte toe in hierdie moeilike tyd waar hul drie familielede (twee ooms en 'n tannie) aan die dood afgestaan het.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN008/04/2024**
**<u>ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS</u>**
**3/3/1/5**

Geen

***

**RVN009/04/2024**
**<u>MOSIES / VRAE</u>**
**3/3/1/1; 3/3/1/2**

Geen

***

**RVN010/04/2024**
**<u>DRINGENDE SAKE VANAF DIE SPEAKER, UITVOERENDE BURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER</u>**

Geen

***

**RVN011/04/2024**
**<u>2023 / 24 QUARTERLY BUDGET AND PERFORMANCE REPORT FOR QUARTER 3: 1 JANUARY – 31 MARCH 2024 SUBMITTED IN TERMS OF SECTION 52(d) OF THE MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT, 2003 (ACT 56 OF 2003)</u>**

Die Uitvoerende Burgemeester lei die item kortliks in.

Die Munisipale Bestuurder meld dat 'n regstelling by die Direkteur: Tegniese Dienste se twee KPI's (met spesifieke verwysing na die kapitaalspandering wat "shadow cost" insluit) gemaak moet word en daarna hersirkuleer word aan die Raad.

**<u>The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLVED</u>**

1. That the quarterly performance report for Quarter 3 (01 January – 31 March 2024) be noted; and
2. That this report be read in conjunction with the Quarterly Budget Report which is submitted to Council in terms of Section 52(d) of the Municipal Finance Management Act, Act 56 of 2003.

***MANAGER: STRATEGIC SERVICES***

***

**RVN012/04/2024**
**ALIENATION OF MUNICIPAL LAND: ERF 453, LAAIPLEK AND PORTION OF ERF 315, LAAIPLEK**
**L.453 & 315, 7/2/3/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Moolman, lei die item kortliks in.

Die Speaker en Uitvoerende Burgemeester spreek hul kommer uit rakende die slaggate by die ingang van Radie Kotze Hospitaal en versoek die Raad dat die Direkteur: Tegniese Dienste die moontlikheid ondersoek om die slaggate tydelik te vul.

***DIREKTEUR: TEGNIESE DIENSTE***

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

1. That Council takes note that section 14 (6) of the Local Government Municipal Finance Management Act, 56 of 2003 is applicable to the transfer of municipal property to a national or provincial organ of state;
2. That Council do not require Erf 453, Laaiplek and the Portion (±378m² in extent) of Erf 315, Laaiplek South of the existing clinic for minimum level of basic service delivery;
3. That Council give permission/consent for the disposal of Erf 453, Laaiplek and the Portion (±378m² in extent) of Erf 315, Laaiplek South of the existing clinic on Erf 452, Laaiplek to the Western Cape Government: Department of Health and Wellness for purposes of expanding the clinic onto Erf 453, Laaiplek and establishing secure parking for the clinic on the said portion of Erf 315, Laaiplek;
4. That Council's intention to dispose Erf 453, Laaiplek and a Portion (±378m² in extent) of Erf 315, Laaiplek South of Erf 452, Laaiplek to the WCDHW be advertised for public notice;
5. That all cost arising as a result of the proposed alienation of land i.e. land use planning applications, surveying, registration and transfer cost of the portion of land, will be for the account of the WCDHW;
6. That the Municipal Manager is authorised to finalise the transfer of the portions of land;
7. That WCDHW to submit an implementation plan/timeline to the Municipality before the date of transfer; and
8. That if the Buyer has not erected the said building within a period of two (2) years calculated from the transaction's registration in the Deeds Office or has not started in good faith with the erection of the building, the Municipality has the right to reclaim the property at no cost to the Municipality.

***MANAGER: TOWN PLANNING AND ENVIRONMENTAL MANAGEMENT***

***

**RVN013/04/2024**
**MEMBERS OF THE BERGRIVIER MUNICIPAL PLANNING TRIBUNAL (MPT)**
**15/1/7**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Moolman, lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

1. That the content of the report is noted; and

2. That the Manager: Expenditure & Supply Chain Management, Mrs. Nelmarie Bothma, be appointed to replace the Manager: Civil Engineering, Mr. Jaco Breunissen, as internal member on the Bergrivier Municipal Planning Tribunal (MPT) till December 2026.

***MANAGER: TOWN PLANNING AND ENVIRONMENTAL MANAGEMENT***

***

**RVN014/04/2024**
**<u>VERHURING VAN MUNISIPALE GROND: 'Ǹ GEDEELTE VAN ERF 1002 (ONGEREGISTREERDE GEDEELTE ERF 3728) PORTERVILLE MEENTGROND</u>**
**PTV 1002, 7/2/3/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Moolman, lei die item kortliks in. Addisionele inligting word gelewer deur die Stadsbeplanner (Oos).

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste bevestig dat hy volstaan by die Administrasie se aanbeveling, waarna Raadshere De Vries en Du Plooy, Raadslid Daniels en die Munisipale Bestuurder die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se aanbeveling steun.

**<u>Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat die gedeelte van Porterville Meent (Erf 3728 'n gedeelte van Erf 1002 Porterville) nie vir die res van die 2024 kalenderjaar benodig word vir Munisipale gebruik nie;
2. Dat die Raad se intensie om die gedeelte van Porterville Meent (Erf 3728 'n gedeelte van Erf 1002 Porterville) aan die Porterville Gemeenskapsvereniging te verhuur vir 7 dae geadverteer word;
3. Indien geen besware tydens advertering ontvang word nie, die gedeelte van Porterville Meent (Erf 3728 'n gedeelte van Erf 1002 Porterville) verhuur word aan die Porterville Gemeenskapsvereniging vir 'n tydperk tot en met 30 November 2024 teen R 600 (BTW ingesluit); en
4. Dat Porterville Gemeenskapsvereniging na beëindiging van die huurkontrak Erf 3728 'n gedeelte van Erf 1002 Porterville se erf penne vir hul koste deur 'n professioneel geregistreerde Landmeter laat herplaas.

***BESTUURDER: STADSBEPLANNING EN OMGEWINGS-BESTUUR***

***

**RVN015/04/2024**
**<u>REVIEW OF THE BY-LAW RELATING TO PUBLIC NUISANCES AND PUBLIC NUISANCE ARISING FROM THE KEEPING OF ANIMALS</u>**
**13/4/2/4**

Die Bestuurder: Gemeenskapsfasiliteite lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Die Bestuurder: Gemeenskapsfasiliteite lei die item kortliks in en meld dat die bedrag by nr.24 van "Chapter 3" verwyder moet word aangesien die boete deur die Landdros bepaal word.

Die Speaker moedig die Raadslede aan om deur die verordeninge te gaan ten einde hul te vergewis van die inhoud.

**<u>The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLVED</u>**

1. That the draft By-law Relating to Public Nuisances and Public Nuisances Arising from the Keeping of Animals attached hereto as Annexure A be approved for public comments; and
2. That this draft By-law be published for public comments in the relevant provincial gazette for a period of at least 30 days, at the conclusion of which it will be tabled for final approval by Council.

***DIRECTOR COMMUNITY SERVICES***

***

***(Die Bestuurder: Gemeenskapsfasiliteite en Stadsbeplanner (Oos) verlaat die vergadering om onderskeidelik 14:44 en 14:45)***

**RVN016/04/2024**
**WATERDIENSTE PLAN (WSDP) - VERLENGING VAN HUIDIGE DOKUMENT**
**16/1/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer De Vries, lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na die waterverskaffing en voorsiening aan privaat eiendom, met verwysing na die Morawiese dorp (Goedverwacht).

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad die verlenging van die huidige Waterdienste Plan (WSDP) vir een (1) jaar na 2023/24 goedkeur waarna die nuwe plan in plek sal wees.

***DIREKTEUR: TEGNIESE DIENSTE***

***

**RVN017/04/2024**
**ADJUSTMENT OF MIG DPIP 2024-2025 AS WELL AS PROJECTS FOR BUDGET 2025-2026 AND 2026-2027**
**5/9/3**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer De Vries, lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na die gebrek van MIG-fondse wat begroot word vir sport in die 2024-2025 finansiële jaar en dat die Direkteur: Tegniese Dienste in samewerking met die PMU-afdeling meer inligting kry rakende die allokasie van MIG-fondse wat beskikbaar is vir sport.

***DIREKTEUR: TEGNIESE DIENSTE***

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

1. That Council Resolution RVN010/02/2024 dated 9 February be revised to adjust the MIG project budgets in accordance with the DORA BILL [B4-2024] and that the MIG DPIP be adjusted accordingly.

| MIG PROJECTS | 2023-24 | 2024-25 |
|---|---|---|
| PB Rehabilitation / Upgrading of WTW (Multi-year) | R 3 983 283 | R 7 636 571 |
| PB Reservoir (Multi-Year) | R 5 276 567 | - |
| PB Genset at WWTW (Multi-year) | R 350 000 | R 1 650 463 |
| VD Genset Albatros Sewer P/Station (Multi-year) | R 220 000 | R 1 333 232 |
| VD Genset at WWTW (Multi-year) | R 230 000 | R 1 087 845 |
| PV Genset at WWTW (Multi-year) | R 390 000 | R 1 955 249 |
| AUR Solar Assist Water Pump Station (Multi-year) | R 80 000 | R 394 068 |
| RED Solar Assist Water Pump Station and WTW (Multi-year) | R 80 000 | R 425 672 |
| PV Stormwater Ward 2 (Multi-year) | R 1 500 000 | R 500 000 |
| PB Stormwater Ward 4 (Multi-year) | R 2 500 000 | R 500 000 |

***DIRECTOR TECHNICAL SERVICES***

| | | |
|---|---|---|
| VD Pipe Replacements Noordhoek (Multi-year) | - | - |
| PB Rhino Park Netball Courts (Multi-year) | - | - |
| PB Watsonia Pavilion (Multi-year) | - | - |
| PMU | R 827 150 | R 814 900 |
| **TOTAL** | **R 15 437 000** | **R 16 298 000** |

2. That the application for funding of the Upgrade of the Combination Netball / Tennis Courts at Piketberg (R 13 912 103.39) be forwarded to the ring-fenced Sports RSA Grant.

3. That Council approve of the following projects for MIG Grant funding for the 2025-2026 and 2026-2027 financial years to allow for sufficient time to:

- Appoint Consultants;
- Compile Technical Reports;
- Obtain input and approval of MISA;
- Obtain input and approval of the Sector Departments; and
- Register the projects with MIG.

| MIG PROJECTS | 2025-2026 | 2026-2027 |
|---|---|---|
| VD Water Pipe Replacements Noordhoek (Multi-year) | R 9 000 000 | R 4 000 000 |
| RED Replacement of Bulk Water Pipeline (Multi-Year) | R 7 044 550 | R 3 955 450 |
| PV Water Pipe Replacements (Multi-year) | | R 9 134 100 |
| PMU | R 844 450 | R 889 450 |
| **MIG GRANT AS PER DORA BILL [B4=2024]** | **R 16 889 000** | **R 17 989 000** |

***

**RVN018/04/2024**
**REPORT ON THE INSURANCE PORTFOLIO OF COUNCIL**
**5/9/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels, lei die item kortliks in. Addisionele inligting word gelewer deur die Direkteur Finansiële Dienste.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

1. That Council take note of the report's content;
2. That Council grant permission to establish a self-insurance reserve fund in accordance with the policy; and
3. That Council review the total portfolio again after the current contract expires on June 30, 2025, to eliminate fleet insurance as well.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**RVN019/04/2024**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: FEBRUARY 2024**
**5/1/1**

Die Speaker lei die item kortliks in.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

That Council take note of the monthly budget statement and supporting documentation for February 2024.

***

**RVN020/04/2024**
**MONTHLY SUPPLY CHAIN MANAGEMENT IMPLEMENTATION REPORT: FEBRUARY 2024**
**5/1/1**

Die Speaker lei die item in.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

That Council take note of the February 2024 Supply Chain Management Implementation Report and that it be made public in accordance with Section 21A of the Local Government: Municipal Systems Act. (Act no 32 of 2000).

***

**RVN021/04/2024**
**IMPLEMENTATION OF SUPPLY CHAIN MANAGEMENT POLICY IN TERMS OF SECTION 6(1)(3) OF THE MUNICIPAL REGULATIONS FOR THE THIRD QUARTER OF THE FINANCIAL YEAR 2023 / 2024**
**5/1/1**

Die Speaker lei die item in.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. That Council consider and take note of the Supply Chain Management implementation report for the period 01 January 2024 to 31 March 2024 representing the third quarter of the 2023/2024 financial year. (The report is accumulative from 01 July 2023); and
2. That the report be made public in accordance with section 21A of the Municipal Systems Act.

***

**RVN024/04/2024**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERINGS**

Geen

***

**RVN025/04/2024**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERINGS**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN026/04/2024**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

***Die amptenare verlaat die vergadering om 15:30 waarna ‘n breek toegestaan word tot 15:35.***

***Die Bestuurder: Uitgawes en Voorsieningskanaalbestuur sluit aan om 15:35, waarna die volle Raad, Munisipale Bestuurder, Direkteur Finansiële Dienste, Bestuurder: Uitgawes en Voorsieningskanaalbestuur en Klerk: Komitees die vergadering In-Komitee voortsit.***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 16:08*

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE
NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

| | |
|---|---|
| ____________________ | ________________ |
| ***VOORSITTER*** | ***DATUM*** |